VAN ONS SUSTERS

NAGMAALETE

Die Susters is verantwoordelik vir eerskomende Sondag se ete. Ons beplan 'n heerlike ete. Ons vra slegs R30 pp. Jy bring jou eie eetgerei en drinkgoed.

Gee vandag nog jou naam op by **Johan du Plessis**, hy sal in die saal wees, of bel tot Woensdag die kerkkantoor 018 294 4600.

WYKSUSTERS

Ons verwelkom vir **Elisna Mulder** in **B3**, **Tillie Eloff** in **B2** en vir **Ineke Bakker** in **B7**. Ons benodig nog wyksusters vir **E1** en **E2**. Baie dankie aan al die wyksusters vir die wonderlike werk wat julle in ons gemeente doen.

Die wyksusters het twee belangrike sake wat hulle in die komende jaar op gaan fokus. Die bejaardes wat nie in tehuise woon nie en die studentegemeente, Cachet.

SUSTERSAAMTREK

Hierdie jaar is die saamtrek op 2 Maart 2019 te Wolmaranstad. Die koste is R200pp. Kom ons probeer om 20 susters bymekaar te maak sodat ons in bussies kan ry. Skryf vandag nog jou naam op die lys agter in die saal. Saam met ons antwoord moet ons ook die geld oorbetaal.

Die R200 kan vir Karin Bain gegee word.

SPRANKELTEE

Op **Saterdag 6 April 2019** vind die jaarlikse Sprankeltee van die Potchefstroom Dienssentrum plaas. Ons gemeente het ook 'n tafel en **Amanda du Plessis** is die gasvrou. Die kaartjies beloop R200pp en ons moet 14 kaartjies verkoop. Daar moet ook verversings verskaf word. Koop asseblief 'n kaartjie by Amanda **(082 444 2319).** Die Dienssentrum het 'n ernstige pleidooi gerig vir hulp en ondersteuning. Hulle kry vanaf April 2017 nie meer subsidie van die Dept Maatskaplike Ontwikkeling nie en daarom is hulle baie afhanklik van die gemeenskap en kerke se ondersteuning.

Help asseblief vir Amanda om hierdie taak te verrig.

Die tafels is gedek en daar is koffie en tee in die saal.

Dit is 'n wonderlike geleentheid om gesellig te verkeer.

Ons vra dat nuwe lidmate ook kom om kennis te maak

Susters van wyke B5 en B6 versorg vandag die tee en koffie

Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom

Jaargang 35, nr 5 Sondag 10 Februarie 2019

REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402

rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600 Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
Hulpprediker: Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Koster Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte: Ouderlinge: Wyk E2 **is vakant,** E3 is **Koos Theron**, diakens wyke E2 **Matthys van Tonder** en E3 **vakant.**
Teeskink na die erediens: Susters van wyke **B5** en **B6**. Wyksusters is **Melissa Kent** en **Alta Hugo.**
Diens Huis Eikelaan om 15:30: Ouderlinge van wyke **A7** en **B1. Kobus Mentz** en **Hendrik du Plessis.**
Bussiediens: Vandag ry **Zurich Terblanche** 083 968 6074
Sondag **17 Februarie** ry **Andries de Klerk** 084 440 1661

Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Ronald Bain

OGGEND: **Skrifgedeelte:** Openbaring 2:1-7
Fokusgedeelte: Openbaring 2:1,4
TEMA: Christus, ons eerste liefde!
SING: Vooraf: Skrifberyming 38: 1 – 3;
Psalm 147: 1 – 3; Psalm 76: 1, 4;
Psalm 48: 4; Psalm 18: 1 – 3.

AAND: Skrifgedeelte: Psalm 121:1-8
Fokusgedeelte: Psalm 121:1-8
Dordtse Leerreëls 5:1-3
TEMA: ***Die Here bewaar sy kinders in hulle swakheid.***
SING: Psalm 103: 1, 6, 7; Psalm 84: 2, 3
Psalm 121: 1 - 4

Onthou ons gemeente-ete na Nagmaal bespreek vanoggend nog by Johan du Plessis in die saal.

Dagboek

10 Feb: **Voorbereiding**
10 Feb: **Kerkraad en Diakonie vergader na aanddiens**
11 Feb: **Kerkkamp-kommissie om 18:00**
17 Feb: **NAGMAAL**

LIEF EN LEED



Annie Coetzee 082 300 7794 het Woensdag ‘n knie-vervangingsoperasie ondergaan in Pretoria. Ons is dankbaar dat die operasie goed afgeloop het en ons bid haar spoedige beterskap toe.

Susan Nortjé 079 781 0499 gaan eerskomende Maandag weer na Pretoria vir verdere toetse. Ons dra haar op aan die Here se troue sorg.

Frans du Toit 072 755 7574 is Woensdag geopereer nadat hy geval het en sy bo-been gebreek het. Na alle aanduidings het hy geval as gevolg van ’n beroerte. Ons dra vir hom en Amie op in ons gebede. Mag Hy hulle vertroos en dra.

Lewies Coetzee 071 887 1815 is intussen ontslaan uit die hospitaal in Pretoria en sterk tuis aan. Ons dink ook aan hom in ons gebede.

VAN ALLES EN NOG WAT

KOLLEKTES: Vandag en volgende Sondag: Onder die erediens vir **Barmhartigheid**. By deure vanoggend vir die **Dankbaarheidsfonds.** Volgende Sondag se kollekte die oggend vir die **Uitdra van die Evangelie.**

KATEGESE

Vanoggend moet julle **Les 4** en **Psalm 104: 2** ken.
Maandag lees *Laat my lammers wei*. Hoofstuk 70.
Woensdag se katkisasie Graad 8 – 11 om 14:15.
Volgende Sondag geen kategese as gevolg van die Nagmaal

BYBELSTUDIES

Ons weeklikse Bybelstudies is soos volg:
Huis Eikelaan om 15:00 op Dinsdae
Oggendbybelstudie Donderdae om 9:30 in konsistorie.
Donderdagaande om 18:30 in konsistorie.

Ita Schulze het ’n reeks artikels geskryf oor *Die Israeliete in die wildernis.* Die eerste 5 artikels is laasjaar al ’n keer geplaas maar ons plaas die artikels weer want Ita Schulze het nou die hele reeks van vyftien hoofstukke voltooi en dit kan dan as ’n geheel gelees word oor die volgende aantal weke.

Veertig jaar in die wildernis

Inleiding. *Ita Schulze*

Abram is gebore ongeveer 1800 v. C en is deur God beveel om na Kanaan te trek. Daar het God hom Abraham genoem en beloof dat hy die vader van ’n menigte sal word. Later het sy nageslagte hulle in Egipteland bevind omdat daar hongersnood in Kanaan was. In Genesis 47:6 lees ons dat die Farao aan Josef beveel het om aan sy vader en sy broers die beste land te gee: *‘…hulle kan in die land Gosen woon.’* Genesis 47:11 ‘*En Josef het vir Jakob en sy broers woonplekke aangewys en aan hulle besitting in Egipteland gegee, in die beste deel van die land…’* Gosen is geleë aan die noord-oostelike deel van die Nyldelta in die Wadi Tumeilat.

Abram se nageslag het vierhonderd-en-dertig jaar lank in Egipte gewoon (Exodus 12:40). Maar, *‘…hulle het vermeerder en buitengewoon magtig geword…’* Exodus 1:7. Toe het die Farao hulle belas met slawe-arbeid sodat hulle nie so kon vermeerder nie (Exodus 1:10) en hy het hulle gedwing om voorraadstede te bou in Pitom en Raämses (Exodus 1:11). Die Israeliete het daarvandaan getrek.





Die naam van die Farao word nie in die Bybel genoem nie maar uit die geskiedenis is dit bekend dat sy naam Ramses III of Thutmoses III was. Op God se bevel en onder Moses se leiding het die Israeliete uit Egipte getrek in 1446 v.C, (so word bereken 1 Konings 6:1.). Vierhonderd-en-tagtig jaar later het Salomo *‘…die huis vir die HERE gebou.’*

Aan Moses het God bevele gegee oor hoe die Israeliete hulle as sy kinders moes gedra. Ons ken dié bevele as die Tien Gebooie. Dit is op kliptablette geskryf en moes in [ark gedra word deur die leviete priesters voor die Israeliete uit.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Ons wens doop- en belydende lidmate wat gedurende hierdie week verjaar, baie geluk met jou verjaardag:

12 Feb **Ruben Donald,** Stormstraat 5. Wyk E2

13 Feb **Coenraad Karsten,** Adrinawoonstel 215. ☎ 082 419 0435.Wyk D1
Tanya van Lith, Louis Leipoltstraat 10, ☎ 082 610 7259. Wyk E2

15 Feb **Anre Venter,** Kampstraat 91

16 Feb **Marie Kits,** Huis Eikelaan Versorging, ☎ 082 335 8764. Wyk C3
Hennie Viljoen, Plot 227, ☎ 084 491 0926. Wyk A7
Klaas Wyma, Spruitstraat 76, ☎ 084 802 3707. Wyk A1

VAN ONS DIAKONIE

Die kollekte vir **Barmhartigheid** Sondag 3 Februarie 2019 was R 6 250.
Die kollekte ten bate vir ons **Jeugsorg** was R 2 100.

DIAKONIE SE KOSKAS

Baie dankie aan almal wat help om ons blikkieskos aan te vul. As jy 'n blikkie kos koop gooi maar 'n ekstra een in die mandjie vir die Diakonie. U kan enige ander nie-bederfbare kos ook skenk.

GKSA BEROEPENUUS

BEROEPE ONTVANG

- Proponent HM Stavast (Herman) na Piet Retief

BEROEPE AANVAAR

- Proponent HM Stavast (Herman) na Piet Retief

FOTOBORD Nuwe lidmate word gevra om na die diens na die saal te kom vir die neem van 'n foto vir die fotobord. **Melissa Kent** sal die foto's neem

Kerk se bankbesonderhede	Inbetalings vir die Diakonie	Inbetalings vir die Susters
Rekening naam: Gereformeerde Kerk Potchefstroom Bank : ABSA Tomstraat Rek.no 680 340 137	Rekening naam: Diakonie GK Potchefstroom Bank: ABSA Tomstraat Rek.no 680 280 002	Rekening naam: **Susters van die Gereformeerde Kerk** Potchefstroom **Bank:** FNB Potchefstroom **Tjekrek.** 627 805 92723

GEMEENTE-ETE NA NAGMAAL vanaf 12:00

Eerste gemeente-ete van die jaar word deur die Susters van die gemeente aangebied en versorg
Dis heerlike koue vleis en slaaie.
Kom geniet die ete saam met ons
Sondag 17 Februarie 2019 vanaf 1200 in ons saal

Johan du Plessis sal die **besprekings** behartig in die kerksaal of telefonies by 018 294 4600. Die koste is nog steeds **R 30** per persoon.

Netjiese ruim woonhuis naby Huis Eikelaan te huur. – Onmiddellik beskikbaar.
Skakel 084 511 8435 vir meer besonderhede.

Teologiese student Tshepo Motshwaiwa benodig 'n enkelbed en klein yskassie vir sy studentekamer. Hy sal dit baie waardeer indien iemand die items vir hom kan skenk. Sy kontaknommer is 084 223 3026.

Ons koster vra dat lidmate wat van die preke op CD's het, die CD's terugbring vir hergebruik.

Die Potchefstroom Dienssentrum maak bekend dat hulle 12 Februarie 2019 hulle jaarlikse BASAAR hou.
Dit is te Chris Hanistraat 90
Vir meer besonderhede 018 293 0678

#

Op Woensdag 13 Februarie is daar 'n BASAAR op WIELE
Bel voor 12 Februarie, 16:00 om te bestel.
Ons lewer u bestelling af tussen 9:00 en 13:00 by u besigheid of huis.
Kontak 018 293 0678 of faks 018 294 4951 om te bestel